# 'N KLASSIFIKASIE VAN TOERISME-ATTRAKSIES

**Prof. M'L Hugo & Prof PS Hattingh**
*Departement Geografie, Universiteit van Pretoria*

*Manuskrip aanvaar November 1990*

*Without a generally accepted definition and classified list of tourist attractions, regional inventories for the purpose of the evaluation and planning of tourism regions, cannot be made. Standardization is also needed for comparison and determination of the relative attractiveness of regions.*

*The purpose of this paper is to define tourism in order to determine the elements of the tourism phenomenon. These elements, which are regarded as equivalent to attractions, can be classified on the basis of a phenomenological, cognitive or an organizational approach.*

*For the use of physical planning the phenomenological approach is proposed as being the most suitable. A comprehensive classification under the headings of (1) the tourist* per se; *(2) transport mode; (3) natural and cultural resources, and (4) leisure time activities, is presented.*

*Sonder 'n algemeen aanvaarde definisie en geklassifiseerde lys van toerisme-attraksies kan onderlinge vergelykbare streeksinventarisse, vir die doel van toerismebeplanning nie gedoen word nie.*

*Die doel van die bydrae is om toerisme te definieer ten einde die elemente van die toerismeverskynsel te bepaal. Hierdie elemente, wat beskou word as gelyk aan attraksies, kan geklassifiseer word op die basis van 'n fenomenologiese, kognitiewe of 'n organisatoriese benadering.*

*Vir die doel van fisies-ruimtelike beplanning, word die fenomenologiese benadering as die mees bruikbare geïdentifiseer. 'n Omvattende klassifikasie onder die opskrif (1) die toeris* per se; *(2) vervoermodus; (3) natuurlike en kulturele hulpbronne en (4) vryetydaktiwiteite, word aangebied.*

## 1 INLEIDING

Voorsiening van ontspanningsfasiliteite aan 'n moderne, geïndustrialiseerde samelewing kan nie meer as 'n bykomstige luuksheid beskou word nie. Tans is toerisme een van die grootste industrieë in die wêreld en is die kontruktiewe wetenskaplike beplanning daarvan dus van die grootste belang. Maar, volgens Burton (1970:21) "... planning without adequate knowledge ... is rather like the provision of houses without plumbing – it can be done, but the consequences are likely to be disastrous!"

Dit is aksiomaties dat susesvolle fisiese beplanning afhanklik is van 'n deeglike kennis van die onderwerp, aktiwiteit of grondgebruik sowel as van die omgewing waarin hierdie grondgebruik gevestig moet word. Dieselfde geld dus ook ten opsigte van toerisme. Die vraag "waarvoor?" beplan moet word, is dus net so 'n indringende en basiese vraag as "hoe?" en "waar?" dit moet geskied.

Die doelwit van hierdie bydrae is om 'n analise te maak van die aanbod van toerisme-fasiliteite met die oog op konstruktiewe fisiese beplanning. As vertrekpunt is dit noodsaaklik om eers die spesifieke terrein van toerisme af te baken omdat dit fundamenteel is t.o.v. die bepaling van wat as fasiliteite beskou kan word.


## 2 WAT BEHELS TOERISME?

Daar bestaan tans 'n legio definisies van toerisme (bv. Mathieson & Wall, 1982:10-12 en Smith, 1989:18-36). Die tradisionele aanvaarde omskrywing van toerisme deur die World Tourism Organization was dat dit die verskynsel is van mense wat plekke, verwyder van hul normale woon- en werksomgewing, vir meer as een dag besoek, met die oog op die beoefening van ontspanning en ander aktiwiteite. Sommige skrywers inkorporeer die ritafstand as bykomende kriterium. Die National Tourism Review Commission van Kanada (1973) byvoorbeeld, stel hierdie vereiste op 'n minimum van 80 km uitwaartse rit. Tans word voorkeur verleen aan 'n meer omvattende definisie wat 'n toeris beskou as 'n persoon wat wegbeweeg van sy normale werks- en verblyfplek (bv. Gunn, 1979). Mathieson & Wall (1982:1) se definisie van toerisme lui dan ook: "Tourism is the temporary movement of people to destinations outside their normal places of work and residence, the activities undertaken during their stay in those destinations, and the facilities created to cater to their needs." Dit sluit dus persone in wat vir 'n groot verskeidenheid van redes, onder andere vir werksdoeleindes, elders reis maar ook nie noodwendig daar hoef te oornag nie. (Pendelaars word uitgesluit).

Alhoewel Mathieson & Wall (1982) se definisie nie noodwendig as algemeengeldend anvaar word nie en inderwaarheid vele onsekerhede inhou, kan ten minste gesê word dat die toerismeverskynsel bestaan uit mense (toeriste) wat vanuit hul tuisomgewings (herkomsgebiede) ander omgewings (bestemmingsgebiede) besoek. Die omgewings, plekke en gebeurtenisse aldaar is die aantrekkingskrag. Ten einde hierdie doelwitbestemmings te bereik, moet die toeris van 'n vervoersituasie gebruikmaak. Dit behels 'n vervoermiddel (voertuig of vervoermodus) sowel as 'n roete. By die bestemmingsgebied verwyl die toeris

sy tyd deur bepaalde aktiwiteite – wat aktief of passief kan wees – te beoefen. Derhalwe is die hoofkomponente van toerisme, op kriptiese wyse gestel: mense (toeriste) wat beweeg (reis) na plekke verwyderd van hul tuisomgewings, om daar op 'n korttermynbasis aktiwiteite (gewoonlik ontspanning) te beoefen.[1]


Die toerismeverskynsel is dan 'n ingewikkelde proses van aksies en reaksies tussen, enersyds, mense wat reis in vreemde omgewings, met, andersyds, die inwoners van die bestemmingsgebiede se totale leefwêreld in dié se omgewingshulpbronne (Figuur 1). Dit kan dus as 'n funksionerende sisteem bestudeer word wat, soos 'n natuurlike ekosisteem, bestaan uit insette van buite, energievloei, prosesse van verwerking en produksie, sirkulasie, en uitsette. Om dit te verstaan en te bestudeer, is 'n analise en definiëring van elk van die elemente van die toerismeverskynsel nodig. Daarom moet hierdie komponente in 'n klassifikasiesisteem gegiet word ten einde orde (en struktuur) daaraan te gee.




FIGUUR 1 *Vloeimodel van die Toerismebedryf*

## 3 TOERISMENAVORSING

Toerismenavorsing en -beplanning moet daarom bostaande elemente aanspreek. Vanselfsprekend is daar talle benaderinge en baie beklemtonings in sodanige beplanningsnavorsing (bv. die PASOLP-beplanningsbenadering van Lawson & Baud-Bovy, 1977:141). Fisies-ruimtelike toerismebeplanning moet weer 'n antwoord verskaf op die kwessie van die versoening tussen vraag en aanbod. Dit kan kortliks aan die hand van 'n model (Figuur 2) toegelig word.




FIGUUR 2 *Toerismenavorsingsmodel*

Die uitgesproke, normatiewe, latente en gerealiseerde behoeftepatrone van mense binne 'n gemeenskap ((1) op Figuur 2), stem selde ooreen. Om dus te kan voorspel wat die werklike verwagte behoeftes sal wees, verg deeglike navorsing. Tendense elders in die land sowel as oorsee moet ook in ag geneem word ten einde te waak teen die voorsiening vir onrealistiese behoeftes van mense of hulle modegiere.

Teenoor mense se aanvraag, staan die aanbod van bestaande fasiliteite (2) wat beide kwantitatief sowel as kwalitatief getoets moet word teenoor die behoeftebepaling. Hier geld fasiliteite se gehalte en ligging sowel as admini-

[1] Lawson & Baud-Bovy (1977:9) sien dieselfde sisteem (met klem op die organisatoriese aspekte as bestaande uit die toeriste (oftewel die mark) wat m.b.v. tussengangerorganisasies (soos lugrederye, toeroperateurs, ens.) beweeg na hulpbronne wat onder beheer van ontwikkelaars (bv. hoteleienaars) is.

stratiewe beheer. Fasiliteitsevaluering (2.1) spreek dan sake aan soos die grootte, omgewingsvereistes, oppervlakgehalte, ondersteunende fasiliteite en infrastruktuur, sosio-ekonomiese buurtligging, afstandsdrempelwaardes, hiërargiese groepering (synde streek-, stads- of buurtfasiliteite) en aktiwiteitsgroepering (oftewel onderlinge versoenbaarheid) in. Kwaliteit van fasiliteite moet voorts ook gemeet word aan die beheeraspekte soos finansiële en administratiewe bestuur, toesig, veiligheid, afskerming en estetiese norme.

'n Ge-evalueerde versoening (3) tussen vraag en aanbod bring die beplanner dan by 'n gevolgtrekking waar die voorsiening óf voldoende/suksesvol (4.1) blyk te wees, óf dat daar bepaalde tekorte (4.2) uitgewys word.

Omdat die daaropvolgende stappe van omgewingsevaluering (5), terreinallokasie (6) en voorsiening/implementering (7) nie deel van hierdie bydrae uitmaak nie, word bloot daarna verwys ter wille van die volledigheid van die model. Die gevolgtrekking is dus dat daar in 'n beplanningstudie van toerisme met konkrete data gewerk moet word wat dan veral op die terrein van die aanbod van fasiliteite kwantitatief en kwalitatief geweeg en ge-evalueer moet word. Dit verg dat data in meetbare en geklassifiseerde vorm gegiet moet word.

Net soos die aanvraag-gedeelte (behoeftes) van die vergelyking vra om 'n segmentering van die mark, so vereis die aanbodgedeelte (fasiliteite) 'n klassifikasiesisteem. Dit is die doel van hierdie studie om sodanige klassifikasie van toerismefasiliteite met die oog op ruimtelike beplanning van toerisme, te beredeneer en 'n toepaslike klassifikasiestelsel daar te stel.

## 4 KONSEPTUELE VERWYSINGSRAAMWERK VIR KLASSIFIKASIE VAN TOERISME-ATTRAKSIES

Hudman (1980) onderskei tussen stoot- en trekkragte wat maak dat mense van plek tot plek reis. Onder eersgenoemde skaar hy aspekte soos sosio-ekonomiese en demografiese kenmerke van 'n bevolking wat die mense in die geleentheid stel (of verhinder) om te kan reis. Trekkragte ontstaan a.g.v. fasiliteite en verskynsels wat 'n appèl op mense maak om plekke te besoek. Hierdie verskynsels staan normaalweg bekend as attraksies. Daar bestaan ook talle ander uiteenlopende idees in die literatuur oor wat as attraksies gereken kan word en wat nie (Gunn, 1980a). Dat attraksies 'n baie belangrike aspek van toerisme is en daarom akkurate definiëring vereis, is onbetwisbaar. "Without tourism attractions there would be no tourism" (Gunn, 1972:24) maar ook "Without tourism there would be no tourist attractions" (Lew, 1987:554). Dit is m.a.w. die toeris se persepsie wat uiteindelik bepaal of iets 'n attraksie is al dan nie.

Normalerwys word attraksies beskou as synde enige benutbare hulpbron te wees (bv. Ferrario, 1976:4). Ander skrywers soos Wahab et al. (1976:38) neig om die bemarkbare te klassifiseer as attraksies of andersins bloot net die verskynsels en omgewings wat as kenmerke ("features") beskryf word (bv. Polacek & Aroch, 1984:17). Hierteenoor is Gunn (1979) se standpunt dat al die elemente waarop die toerismebedryf geskoei is, as attraksies beskou moet word. In der mate kan die toeris self onder sekere omstandighede 'n attraksie wees! Volgens Lew (1987:554) verteenwoordig hierdie breër siening die huidige meer algemene opinie wat o.a. ook deur Lundberg (1980) en Pearce (1981) gehuldig word. Attraksies kán dus die toeris self en sy vervoermodus insluit, maar veral ook die plekke wat besigtig, geniet (ervaar) of benut kan word, asook die aktiwiteite aldaar aangebied word. Aktiwiteite inkorporeer outomaties, en eerstens, die ontspanningsaktiwiteite en tweedens, die dienste- en akkommodasiesektor wat as ondersteuning vir die toeris dien. Laasgenoemde word soms die dienste- of geriefsattraksies genoem (Lew, 1986). Samevattend en in 'n breëre sin gesien, is die elemente waaruit die toerismebedryf bestaan by implikasie ook die attraksies.

## 5 KLASSIFIKASIESTELSELS VAN ATTRAKSIES

### 5.1 Perspektiewe op die klassifikasie van attraksies

Alhoewel alle attraksies uit 'n vaste en gegewe stel verskynsels mag bestaan, is daar verskillende perspektiewe waarvolgens dit bestudeer kan word. Toerisme-attraksies word dikwels vanuit die fenomenologiese oogpunt geklassifiseer (bv. Ferrario, 1976). 'n Kognitiewe asook 'n organisatoriese benadering sou egter ook moontlik wees (Lew, 1987).

#### 5.1.1 Kognitiewe benadering

Ter toeligting van die kognitiewe benadering geld die argument dat die toeris ten diepste nie 'n spesifieke verskynsel, bv. 'n swembad, soek nie, asook nie die aktiwiteit (swem) op sigself nie, maar wel die ervaring om rustig te ontspan in die son, langs en in die water.

Toerisme-attraksies sou hiervolgens dus volgens die *tipe belewenis* soos natuurbelewing, sosiale interaksie, uitdaging, opwinding, ens. geklassifiseer kan word. Dit gaan hier eerder oor die inherente verworwe waarde wat 'n verskynsel het as die voorkoms of kenmerke daarvan. Toeriste reageer eerder op die beeld ("image") van 'n attraksie soos geskep deur sy advertensie, as wat dit gaan oor die verskynsel self. 'n Voorbeeld: die bemarking van 'n hotel wat ten diepste eintlik die ervaring van 'n luukse onbekommerde vakansie simboliseer. Of die toeris dus die attraksie 'n tweede en meermale sal besoek – dit wil sê of hy dit as 'n sinvolle attraksie beskou – sal daarvan afhang of hy die besoek relatief tot sy verwagting, gunstig beleef het al dan nie. 'n Verdere praktiese voorbeeld van sodanige klassifikasie van attraksies in terme van kognitiwiteit is om roetes te sien as synde natuurskoonroetes, ontdekkingsroetes ("explorative routes") en wildernis- en opvoedkundige roetes.

#### 5.1.2 Organisatoriese perspektief

Die mate waartoe die toerismebedryf daarin slaag om vraag en aanbod te versoen, bepaal grotendeels die bedryf se sukses. Daar sou dus beredeneer kon word dat die organisatoriese strukture (al sou dit 'n onopsigtelike profiel handhaaf) ten grondslag van die bedryf lê (volgens Figuur 1). Toerisme-attraksies sou derhalwe goedskiks vanuit hierdie perspektief geklassifiseer kon word ten einde te help om die bedryf suksesvol te administreer. Hiervolgens sou die klem lê op beheer en bemarking van toerismeverskynsels. Attraksies sou byvoorbeeld geklassifiseer word as synde in privaatbesit of onder openbare bestuur, of volgens toegangsvereistes (bv. opvoedkundige kampterreine en wandelpaaie vir gestremdes).

Navorsers wat vanuit 'n organisatoriese oogpunt na toerisme kyk, neig om attraksies te klassifiseer volgens ruimtelike aspekte soos skaal en drakrag. Skaal word as norm geneem in beplanningstudies waar die volle spektrum van attraksies vanaf heeltemal lokaal tot landswyd geïnkorporeer moet word (Pearce, 1982:99). Hier gaan dit oor die verhouding tussen attraksies en hul onderlinge verband met mekaar en die invloed daarvan op die toerisme-pakket. Dit het belangrike bemarkingsimplikasies. Die beeld van die gebied word getipeer deur 'n kenmerk van besondere belang. So byvoorbeeld word die wynroete van die Boland as attraksie-element gebruik om 'n veel breër toerisme-pakket te bemark. Gunn (1979:55; 1980b:265-6) onderskei byvoorbeeld tussen roete en bestemmingsattraksies.

Die organisatoriese benadering lê ook klem op die verspreiding en die onderlinge samehang van attraksies wat gesamentlik 'n omgewing karakteriseer en sodoende toerismewaarde daaraan verleen. Die grootte of omvang van attraksies weerspieël nie noodwendig die kapasiteit nie. Organisatoriese aspekte soos die drakrag – wat weer verband hou met die ontwerp, beplanning en beheer van die attraksie – speel 'n rol. Die kwesbaarheid (oftewel die ekologiese drakrag) asook fasiliteitsruimte (fisiese drakrag), is aspekte wat afhang van die beheer en administrasie van die attraksie en is dus organisatories van aard. Attraksies wat daarin slaag om 'n konstante vloei van besoekers te lok, is van meer waarde vir die gemeenskap as een wat seisoenafhanklik is.

Ter verduideliking geld die voorbeeld van 'n attraksie soos die Nasionale Krugerwildtuin wat as *standhoudend* beskou kan word. Daarteenoor kan die veldblomme van Namakwaland as *seisoenaal* geklassifiseer word (tesame met ander jaarlikse attraksies soos die kersiefees van die Oos-Vrystaat. Hierbenewens is daar egter die *episodiese* gebeurtenisse wat nie voorsien kan word nie. Hier geld veral aspekte soos natuurrampe (vloede, ens.), 'n skip wat strand en 'n dam wat na 'n droogteperiode oorloop – almal verskynsels wat oor die potensiaal beskik om besoekers te lok.

Verdere praktiese voorbeelde van 'n organisatoriese perspektief op attraksies word gevind in die klassifikasie van vervoermodusse wat as synde privaat teenoor huurvoertuie onderskei word. Laasgenoemde kan weer onderverdeel word in openbare of persoonlike huurvoertuie.

'n Andersoortige benadering tot die organisatoriese klassifikasie van toerisme-verkeer sou die indeling van 'n verskynsel wees volgens tyd- of afstandsones. Voorbeelde is die indeling van attraksies binne dag-, naweek-, en vakansie-afstande wat toeriste bereid is om te reis; of alternatiewelik hoeveel tyd toeriste bereid is om aan reis af te staan – in gedagtehoudende dat reistyd/afstand in toerismekonteks natuurlik nie altyd negatief is nie, maar juis dikwels 'n positiewe deel van hul ervaring uitmaak. Omdat koste en reistyd/afstand so nou verband hou, is eersgenoemde nie 'n gewilde alternatiewe klassifikasie-kategorie vir beweging (reis) nie. Koste-klassifikasie kan egter wel ter sake wees waar verskillende vervoermedia (te voet, fiets, motor, vliegtuig, ens.) die doelwit van die navorsing is. Organisatories gesproke kan die vervoerverskynsel ook as synde geskeduleerd (bv. bustoere) teenoor ongeskeduleerd (bv. gesinsmotor) geklassifiseer word.

### 5.1.3 Beskrywende of fenomenologiese perspektief

Indien die toerismebedryf uit 'n fisiesruimtelike beplanningsgerigte oogpunt bestudeer sou word, sal die logiese benadering wees om die attraksies as konkrete verskynsels te tipeer en te klassifiseer. So 'n benadering kan plek-spesifiek wees (soos 'n lys van besienswaardige plekke in 'n bepaalde stad) of dit kan onderwerpsgewys gerangskik word (byvoorbeeld 'n lys van *tipes* besienswaardighede soos museums). Sodanige klassifikasies se uitgangspunt is om so 'n volledig moontlike lys saam te stel. Die uiteenlopendheid van sulke bestaande lyste wat in die literatuur aangetref word, verraai egter die gebrek aan 'n gemeenskaplike sinvolle metodologiese struktuur.

Wat almal min of meer in gemeen het, is die verdeling in natuurlike en kulturele hulpbronne (bv. Perry, 1975; Graburn, 1977). Die verdere onderverdelings verskil baie. Ritchie & Zinns (1978) gee byvoorbeeld net een kategorie vir die natuurkundige attraksies, maar sewe vir die kulturele. Ander, soos Schmidt (1979), klassifiseer attraksies in vyf groepe: geografies, sosiaal, kultureel, tegnologies en godsdienstig. Lew (1987:558) het probeer om orde uit die chaos te skep deur 'n samevattende tabel op te stel. 'n Volledige bespreking van sy werk is nie hier ter sprake nie; dit is voldoende om op te merk dat hy nie ruimte laat vir onder andere, die toeris self, vervoermiddels, infrastruktuur, roetes en toerismehulpdienste nie.

Die sterkste bate van die fenomenologiese benadering is dat dit 'n item-vir-item vergelyking tussen toerisme-bestemmings moontlik maak. Nadele is dat geen insae in die vergelyking van toerismepakette, wat geskoei is op die ruimtelike verhouding tussen attraksies bied nie. Ook word geen aandag aan die kwaliteit van verskynsels gegee nie ten spyte daarvan dat administratiewe beheer en bykomende fasiliteite sowel as terreinuitleg en ontwerp 'n groot impak op die waarde van 'n attraksie kan hê.

## 6. 'N KLASSIFIKASIE VIR TOERISME-ATTRAKSIES VIR SUID-AFRIKA

In Tabel 1 word 'n omvattende klassifikasie van toerisme-attraksies vanuit die fenomenologiese perspektief aangebied. Die hoofindeling berus op die breë benadering dat die toeris en sy metode van reis in sigself deel is van die toerisme-elemente van die bedryf. Dit is debatteerbaar tot welke mate die toeris en die vervoerelement as sodanig as deel van attraksies beskou moet word. Nie alle vervoermodusse is onder alle omstandighede attraksies in volle reg nie. So ook nie persone nie; ten spyte van sportsterre wat mense van ver af lok. Volledigheidshalwe word vervoermodusse en toeriste wel in hierdie klassifikasiestelsel ingesluit. Die res van die elemente word onderverdeel in hulpbronne wat benut word en sport- en ontspanningsaktiwiteite waaraan deelgeneem word ten einde die toerisme-ervaring te laat realiseer.

Onderstaande beknopte toeligting moet duidelikheidshalwe saam met Tabel 1 gelees word.

### 6.1 Die Toeris

Die karaktereienskappe van mense bepaal tot 'n mate waarmee, waarheen en in watter tipe groepsverband hulle sal reis. Om hierdie rede is 'n analise

van die tipe toeris in terme van sy psigologiese attribute van kardinale belang om die toerismeverskynsel te verstaan. Die toeris word op grond van psigologiese kenmerke, geklassifiseer in drie groepe: allosentries, middelsentries en psigosentries (Pigram, 1983). 'n Alternatiewe benadering is om toeriste volgens doel van besoek (bv. sport of besigheid) te klassifiseer. Verder kan die uitgangspunt gehuldig word van 'n verdeling volgens herkomsgebied (plaaslik, nasionaal of internasionaal); of ook volgens groepsamestellings (individu, ens.).

**6.2 Vervoer**

Komponente van die vervoeraspek kan verdeel word in o.a. die *vervoermodus* (bv. skeertuig) en die *roete* (bv. voetslaanpad). Dit is belangrik om daarop te let dat genoemde vervoermiddels net sowel 'n middel tot 'n doel (om te kan reis) kan wees as wat dit 'n doel in sigself kan wees. 'n Reis per veerboot kan 'n manier wees om van punt A na punt B te kom, of dit kan as 'n ontspanningservaring in eie reg net ter wille van die genot van die rit self, beoefen word.

Vervoermodusse word geklassifiseer na aanleiding van die geografiese omgewing, hetsy lug, land of water, waar dit tuishoort. Die roetes word ook volgens omgewing geklassifiseer.

**6.3 Natuurlike hulpbronne**

Die res van die attraksies word as hulpbronne en aktiwiteite gereken. Die hulpbronne se klassifikasieraamwerk berus metodologies daarop dat daar 'n basiese onderskeid getref word tussen natuurlike en kulturele oftewel mensgemaakte hulpbronne.

Die onderverdeling van natuurlike hulpbronne geskied op grond van biotiese (d.w.s. lewende) omgewingselemente soos plante en diere teenoor die abiotiese soos water en klimaat.

**6.4 Sosio-kulturele hulpbronne**

Hierdie kategorie bestaan basies uit *besienswaardighede* en *fasiliteite*. Eersgenoemde is verskynsels of gebeure wat die potensiaal het om mense te lok. 'n Tiental klasse word in Tabel 1 gelys. Fasiliteite is uiteraard meer omvangryk met sub-kategorieë: toerismehulpdienste, tegnologie, koopsentra, akkommodasie en voedsel/vermaak.

**6.5 Aktiwiteite**

Toerisme-aktiwiteite word tradisioneel geassosieer met "vakansiehou", oftewel ontspanning. Volgens moderne definisies word meer aktiwiteite as voorheen ingesluit onder andere, kongresbywoning, godsdienstige byeenkomste en besigheidsbesoeke van minder as een jaar. Soveel aktiwiteitestipes word ingesluit dat verskeie definisies bloot daardie aktiwiteie noem wat nie ingesluit word nie. So byvoorbeeld word emigrante, diplomatieke en militêre personeel, vlugtelinge of besoekers vir meer as ses maande deur die meeste definisies uitgesluit as toeriste.

Omdat sport- en ontspanning steeds die hoof-aktiwiteit van die meeste toeriste is, behoort 'n gedetailleerde klassifikasie-sisteem daarvoor gegee te word. *Sportaktiwiteite* word nie hier ingesluit nie, maar die leser word na Scholtz (1986) se alfabetiese groslys verwys. Die *ontspanningsaktiwiteite* word primêr verdeel in binnenshuise- en buitelugontspanning. Eersgenoemde word in tien groepe wat die aard van die aktiwiteite weerspieël geklassifiseer. Buitelugontspanning word op 'n geografiese basis van omgewingselemente naamlik lug, water en land geklassifiseer (Hugo & Henning, 1986).

## 7 GEVOLGTREKKING EN TOEPASSING

In die ontwikkelingsgang van enige wetenskap is daar sekere herkenbare stadiums. Die volgende drie stadiums kan as hoofmomente beskou word: die empiriese-fase (kennisversameling), die analitiese fase (vertolking) en die filosofies-teoretiese fase (voorspelling). Laasgenoemde dui op die wetenskaplik-akademiese volwassenheidstadium. Geen vak kan in enige stadium waterdig in een van die drie kategorieë geplaas word nie. Op enige gegewe stadium sal daar navorsers wees wat besig is met basiese dataversameling, terwyl daar ander sal wees, die sogenaamde "profete", wat hul vakgenote teoreties-filosofies ver vooruit is.

Die veld van toerismenavorsing (veral in Suid-Afrika), is baie jonk en dus grotendeels nog in die kennisversamelingsfase. Die gevaar bestaan dat databasisse opgebou word (deur navorsers wat individueel los van mekaar werk) vóórdat daar eenstemmigheid bestaan oor definisies, begripsomskrywings en klassifikasies. Sodanige verwarring bestaan alreeds in terme van bv. toeristeverkeerstatistiek en toerismebesteding omdat daar nie ooreenstemming bestaan oor wie presies as 'n toeris beskou (en dus getel) moet word nie.

As verdere voorbeeld kan verwys word na Scholtz (1989) wat onlangs probeer het om 'n samevatting te maak van studies insake die sport- en ontspanningsdeelname van die inwoners van Soweto. Uit die studie blyk dit dat daar reeds minstens tien omvattende opnames sedert 1980 gemaak is. 'n Groslys van 40 sportaktiwiteite kan vanuit hierdie studies saamgestel word. Sewe van die tien opnames het egter minder as 10 sportaktiwiteite gelys en die meeste wat in een studie getoets is, is 20 aktiwiteite. Dit blyk dan dat navorsers nie kan ooreenkom watter sporttipes ter sake is nie en sodoende is 'n vergelyking van die resultate onmoontlik. Geen geykte voorkeurlys of tendens kan dus vasgestel word nie.

Indien die toerismenavorserskorps nie spoedig standardiseer m.b.t. definisies en klassifikasiestelsels waardeur hul studies op vergelykbare grondslae geplaas kan word nie, sal soortgelyke reekse van nie-vergelykbare opnames die lig sien wat neerkom op 'n wanbesteding van beperkte navorsingsgeld en -tyd.

Ter aanvang is gestel dat die fisiese beplanning van toerismehulpbronne op 'n versoening tussen vraag-en aanbod berus. Hieruitvoorspruitend volg noodwendig dat 'n geordende geklassifiseerde inventaris van attraksies een van die twee bene van die suksesvolle beplanningsaksie is. In die era van die ontwikkeling van geografiese inligtingstelsels (GIS), leen meegaande numerieselys van attraksies hom daartoe om 'n gekodifiseerde kaart saam te stel waarop alle hulpbronne, besienswaardighede, fasiliteite en ander attraksies volgens 'n ruitnetstelsel geplot kan word. Dit open die weg vir rekenaarmatige streekbeplanning van toerisme.

**TABEL 1 Fenomenologiese Klassifikasie van Toerisme-attraksies**

**1 MENSE (TOERISTE)**

**1.1 Psigologiese klassifikasie**
1.1.1 Allosentriese persone
1.1.2 Middel sentriese persone
1.1.3 Psigosentriese persone

**1.2 Doelwitklassifikasie**

1.2.1 Reis/toer
1.2.2 Sport
1.2.3 Ontspanning
1.2.4 Kuier by vriende/familie
1.2.5 Besigheid
1.2.6 Kongresse
1.2.7 Opvoedkundige toer
1.2.8 Navorsing/Opleiding
1.2.9 Gesondheid (geestelik, godsdienstig, fisies)

**1.3 Ritoorsprong (herkomsgebied)**
1.3.1 Plaaslik
1.3.2 Nasionaal
1.3.3 Internasionaal

**1.4 Groepsamestelling**
1.4.1 Individu
1.4.2 Toergroep
1.4.3 Gesin

**2 VERVOER**

**2.1 Modus**
2.1.1 Lugvervoer
2.1.1.1 Sweeftuig
2.1.1.2 Skroefaangedrewe
2.1.1.3 Straalaangedrewe

2.1.2 Watervervoer

2.1.2.1 Roeiboot
2.1.2.2 Vlot
2.1.2.3 Seilboot
2.1.2.4 Motorboot
2.1.2.5 Plesierboot
2.1.2.6 Watertrapkar

2.1.3 Landvervoer

2.1.3.1 Stap
2.1.3.2 Dier
2.1.3.3 Trekvoertuig
2.1.3.4 Fiets
2.1.3.5 Motorfiets
2.1.3.6 Motorvoertuig
2.1.3.7 Bus/Mikrobus
2.1.3.8 Trein

**2.2 Roetes**

2.2.1 Lug
2.2.2 Water

2.2.2.1 Rivierroetes
2.2.2.2 Seeroetes
2.2.2.3 Onderwaterroetes

2.2.3 Land
2.2.3.1 Motorvoertuigroetes
2.2.3.1.1 Harde-oppervlak
2.2.3.1.2 Grondoppervlak

2.2.3.2 Spoorroetes

2.2.3.2.1 Standaard treinspoor
2.2.3.2.2 Smalspoortrein
2.2.3.2.3 Trem
2.2.3.2.4 Kabelspoor

2.2.3.3 Nie-gemotoriseerd

2.2.3.3.1 Voetslaan/wandelroetes
2.2.3.3.2 Perderoetes
2.2.3.3.3 Ander

**3. NATUURLIKE/BIO-FISIESE HULPBRONNE**

**3.1 Biotiese**

3.1.1 Plantegroei

3.1.1.1 Kwekery
3.1.1.2 Botaniese tuin
3.1.1.3 Woude

3.1.1.3.1 Natuurlike woude
3.1.1.3.2 Plantasies

3.1.1.4 Savanna en gras
3.1.1.5 Akkerbougebiede
3.1.1.6 Weivelde
3.1.1.7 Ander landbou
3.1.1.8 Wildernisgebiede
3.1.1.9 Natuurreservate
3.1.1.10 Nasionale parke

3.1.2 Dierelewe

3.1.2.1 Akwariums
3.1.2.2 Dieretuine
3.1.2.3 Wildtuine
3.1.2.4 Plaasparke
3.1.2.5 Wildplase
3.1.2.6 Voëlreservate/parke
3.1.2.7 Koraalriwwe
3.1.2.8 Seereservate

**3.2 Abioties**

3.2.1 Water

3.2.1.1 See
3.2.1.2 Binnelandse water

3.2.1.2.1 Spruit/oog
3.2.1.2.2 Rivier
3.2.1.2.3 Strandmeer
3.2.1.2.4 Dam/meer
3.2.1.2.5 Waterval
3.2.1.2.5 Warmwaterbron

3.2.2 Klimaat

3.2.2.1 Sonskynure
3.2.2.2 Temperatuur
3.2.2.3 Wind

3.2.3 Landskappe

3.2.3.1 Berge
3.2.3.2 Vlaktes
3.2.3.3 Kuste
3.2.3.4 Eilande
3.2.3.5 Ys/sneeulandskappe
3.2.3.6 Woestyne
3.2.3.7 Rots/geologiese formasies/fossiele

**4. SOSIO-KULTURELE HULPBRONNE**

**4.1 Kulturele besienswaardighede**

4.1.1 Museums
4.1.2 Monumente/standbeelde
4.1.3 Argitektuur
4.1.4 Historiese gebiede, slagvelde, roetes
4.1.5 Volkslandskappe, -leefwyse, -tradisies
4.1.6 Ruïnes
4.1.7 Skeepswrakke
4.1.8 Staatkundige en Opvoedkundige instellings
4.1.9 Religieuse instellings
4.1.10 Argeologie

**4.2 Kulturele fasiliteite**

4.2.1 Hulpdienste
4.2.1.1 Watervoorsiening
4.2.1.2 Riolering
4.2.1.3 Elektrisiteits-voorsiening
4.2.1.4 Telekommunikasie
4.2.1.5 Mediese dienste
4.2.1.6 Beskermingsdienste

4.2.1.7 Opvoedkundige dienste
4.2.1.8 Vervoerdienste
4.2.1.9 Finansiële dienste
4.2.1.10 Versekeringsdienste
4.2.1.11 Inligtingsdienste
4.2.1.12 Maatskaplike dienste

4.2.2 Tegnologie & Wetenskap

4.2.2.1 Primêre nywerhede soos mynbou
4.2.2.2 Sekondêre nywerhede (vervaardiging)
4.2.2.3 Tersiêre nywerhede (dienste)

4.2.3 Koopsentra

4.2.3.1 Lewensmiddele
4.2.3.2 Aandenkings

4.2.4 Akkommodasie

4.2.4.1 Oord
4.2.4.2 Hotel
4.2.4.3 Motel
4.2.4.5 Woonstel
4.2.4.6 Gastehuis
4.2.4.7 Jeugherberg
4.2.4.8 Deeltyd
4.2.4.9 Gasteplase
4.2.4.10 Kampterrein
4.2.4.11 Woonwapark
4.2.4.12 Kampeerplek
4.2.4.13 Mobiele woning/woonwa
4.2.4.14 Boot en seiljag
4.2.4.15 Huisruil
4.2.4.16 Besoek vriende en familie
4.2.4.17 Konferensie-fasiliteite

4.2.5 Voedsel en vermaak

4.2.5.1 Eetplekke

4.2.5.1.1 Restaurant
4.2.5.1.2 Wegneem-eetplekke
4.2.5.1.3 Inry-eetplek

4.2.5.2 Bioskope
4.2.5.3 Musiek/Disco
4.2.5.4 Dobbelhuise
4.2.5.5 Kroeë
4.2.5.6 Temaparke

## 5. SPORT- EN ONTSPANNINGS-AKTIWITEITE

5.1 **Sportaktiwiteite** (Kyk teksverwysings)

5.2 Klassifikasie Van Binnenshuise Ontspanningsaktiwiteite

5.2.1 Tuisteskeppingsaktiwiteite

5.2.1.1 Kinders oppas
5.2.1.2 Huiswerk
5.2.1.3 Koekbak
5.2.1.4 Konfytkook
5.2.1.5 Kook
5.2.1.6 Naaldwerk/klere maak
5.2.1.7 Restourering
5.2.1.8 Stofeerwerk
5.2.1.9 Brei

5.2.2 Tuisnywerheid-aktiwiteite

5.2.2.1 Batikwerk
5.2.2.2 Blommerangskikking
5.2.2.3 Etswerk
5.2.2.4 Houtsneewerk
5.2.2.5 Skilder
5.2.2.6 Beeldhou
5.2.2.7 Kunsvlyt
5.2.2.8 Leerwerk
5.2.2.9 Poppe maak
5.2.2.10 Pottebakkery
5.2.2.11 Teken
5.2.2.12 Weefwerk
5.2.2.13 Binnenshuise versiering
5.2.2.14 Winkelvenster versiering

5.2.3 Opvoedkundige Aktiwiteite

5.2.3.1 Formeel
5.2.3.1.1 Konferensies
5.2.3.1.2 Uitstallings
5.2.3.1.3 Verenigingslewe
5.2.3.1.4 Debatsvoering

5.2.3.2 Informeel
5.2.3.2.1 Biblioteekbesoek
5.2.3.2.2 Blokkiesraaisel
5.2.3.2.3 Briefskryf
5.2.3.2.4 Dig/poësie
5.2.3.2.5 Dink/nadink/peins
5.2.3.2.6 Kalligrafie
5.2.3.2.7 Lees (boeke, tydskrifte)
5.2.3.2.8 Skryf (verhale, gedigte)
5.2.3.2.9 Studeer/selfstudie
5.2.3.2.10 Storievertel
5.2.3.2.11 Rekenaarbedrywighede

5.2.4 Sosiale Aktiwiteite

5.2.4.1 Sleep/vry
5.2.4.2 Eet/uiteet
5.2.4.3 Kroegkuier
5.2.4.4 Kuier
5.2.4.5 Partytjies
5.2.4.6 Geselllighede bywoon
5.2.4.7 Telefoonkuier
5.2.4.8 Teedrink
5.2.4.9 Nagklubbesoek

5.2.5 Vermaaklikheidsaktiwiteite

5.2.5.1 Toeskouer
5.2.5.1.1 Bioskoopgang
5.2.5.1.2 Konserte bywoon
5.2.5.1.3 Sirkus besoek
5.2.5.1.4 Teater besoek

5.2.5.2 Deelnemend

5.2.5.2.1 Toneelspel
5.2.5.2.2 Towerkunste
5.2.4.2.3 Sing
5.2.4.2.4 Musiekinstrument speel
5.2.5.2.5 Modellering

5.2.6 Stokperdjie-aktiwiteite

5.2.6.1 Modelbou
5.2.6.2 Radio-amateur
5.2.6.3 Versamelaktiwiteite (seëls, munte, africana)

5.2.7 Spel-aktiwiteite

5.2.7.1 Kaartspel
5.2.7.2 Legkaartbou
5.2.7.3 Popspeel
5.2.7.4 Bordspeletjies (skaak vingerbord, dambord, monopoly)
5.2.7.5 Intellektuele speletjies (Woordbou, vasvra)

5.2.8 Rekreasiesport

5.2.8.1 Rolskaats
5.2.8.2 Tafelsokker
5.2.8.3 Tafeltennis
5.2.8.4 Ysskaats
5.2.8.5 Snoeker/biljart

5.2.9 Dans

5.2.9.1 Ballet/Ysballet
5.2.9.2 Dans
5.2.9.3 Volksdanse
5.2.9.4 Moderne dans/jazz
5.2.9.5 Trimgim

5.2.10 Passiewe Aktiwiteite

5.2.10.1 Koerantlees
5.2.10.2 Televisiekyk
5.2.10.3 Videokyk
5.2.10.4 Radioluister
5.2.10.5 Slaap
5.2.10.6 Bad/sauna

**5.3 Klassifikasie Van Buitelugontspanningsaktiwiteite**

5.3.1 Lug

5.3.1.1 Sweef

5.3.1.1.1 Hangsweef
5.3.1.1.2 Lugballonsweef
5.3.1.1.3 Sweeftuig
5.3.1.1.4 Valskermspring

5.3.1.2 Vlieg

5.3.1.2.1 Vliegtuigry
5.3.1.2.2 Plesiervlugte

5.3.2 Binnelandse Water

5.3.2.1 Duik

5.3.2.1.1 Skuba
5.3.2.1.2 Snorkelduik

5.3.2.2 Bootry

5.3.2.2.1 Motorboot (kragboot)
5.3.2.2.2 Waterski
5.3.2.2.3 Jetski
5.3.2.2.4 Valskermsweef
5.3.2.2.5 Trapboot

5.3.2.3 Roei
5.3.2.3.1 Kano
5.3.2.3.1 Roeiboot
5.3.2.3.1 Vlotvaar

5.3.2.4 Seil

5.3.2.4.1 Seilboot
5.3.2.4.2 Seiljag
5.3.2.4.3 Windseil
5.3.2.3.4 Twee-rompseilboot

5.3.2.5 Hengel
5.3.2.5.1 Visvang
5.3.2.5.2 Hengel

5.3.2.6 Swem

5.3.2.6.1 Swem en duik
5.3.2.6.2 Sonbaai
5.3.2.6.3 Waterglybaan

5.3.3 Kus

5.3.3.1 Gemotoriseerd

5.3.3.1.1 Duin/strandry
5.3.3.1.2 Sleepplankry

5.3.3.2 Nie-gemotoriseerd

5.3.3.2.1 Duingly
5.3.3.2.2 Sleepplankry

5.4.3 See

5.3.4.1 Swem (in die see)

5.3.4.1.1 Swem
5.3.4.1.2 Branderry

5.3.4.2 Plankry

5.3.4.2.1 Branderplankry
5.3.4.2.2 Roeiplankry

5.3.4.3 Duik

5.3.4.3.1 Skuba
5.3.4.3.2 Snorkelduik

5.3.4.4 Hengel
5.3.4.4.1 Rots- en strandhengel
5.3.4.4.2 Boothengel

5.3.5 Ys/sneeu

5.3.5.1 Skaats
5.3.5.1.1 Ysseil
5.3.5.1.2 Skaats

5.3.5.2 Ski

5.3.5.2.1 Snelski
5.3.5.2.2 Landski
5.3.5.2.3 Sleeski

5.3.6 Land

5.3.6.1 Loop
5.3.6.1.1 Slenterstap
5.3.6.1.2 Stap
5.3.6.1.3 Wandel
5.3.6.1.4 Voetslaan
5.3.6.1.5 Veldstap
5.3.6.1.6 Draf
5.3.6.1.7 Pakdierstap

5.3.6.2 Klim

5.3.6.2.1 Bergklim/-stap
5.3.6.2.2 Rotsklim

5.3.6.3 Uitstappies: stad
5.3.6.3.1 Parke
5.3.6.3.2 Dieretuine
5.3.6.3.3 Botaniese Tuine
5.3.6.3.4 Vriende/familie

5.3.6.4 Uitstappies: landelik

5.3.5.4.1 Natuurskoongebiede
5.3.5.4.2 Wild- en Natuur-reservate
5.3.5.4.3 Voël-/diere waarneming
5.3.5.4.4 Grotverkenning
5.3.5.4.5 Plase
5.3.5.4.6 Piekniek

5.3.6.5. Uitstappies: kulturele omgewings

5.3.6.5.1 Kultuur-historiese besienswaardighede
5.3.6.5.2 Opvoedkundige plekke

5.3.6.6 Jag

5.3.6.6.1 Grootwild
5.3.6.6.2 Kleinwild
5.3.6.6.3 Voëls
5.3.6.6.4 Roofdiere
5.3.6.6.5 Ander

5.3.6.7 Skiet

5.3.6.7.1 Vuurwapen teikenskiet
5.3.6.7.2 Pyl-en-boog teikenskiet

5.3.6.8 Gly/ski

5.3.6.8.1 Grasski
5.3.6.8.2 Hangski
5.3.6.8.3 Sandski
5.3.6.8.4 Plankskaats

5.3.6.9 Ry

5.3.6.9.1 Motor-(bus) ritte
5.3.6.9.2 Veldritte
5.3.6.9.3 Fietsry
5.3.6.9.4 Perdry
5.3.6.9.5 Modelvoertuie

5.3.6.10 Kampering

5.3.6.10.1 Buitelugkampering
5.3.6.10.2 Tentkampering (natuurgerig)
5.3.6.10.3 Tentkampering (oordgerig)
5.3.6.10.4 Woonwakampering

5.3.6.11 Versameling

5.3.6.11.1 Natuurgoedere (veld)
5.3.6.11.2 Natuurgoedere (strand)

5.3.6.12 Speel

5.3.6.12.1 Spele (speletjies)
5.3.6.12.2 Rekreasiesport
5.3.6.12.3 Toeskouer

5.3.6.13 Tuisontspanning

5.3.6.13.1 Vleisbraai
5.3.6.13.2 Tuinmaak

**BIBLIOGRAFIE**


BURTON, T.L. (Red.). 1970. Recreation, Research and Planning. London Wiley

FERRARIO, F. 1976. The Tourist Landscape: A Method of Evaluating Tourist Potential and its Applications to South Africa. Unpublisheddoctoral dissertation. Berkeley: University of California.

FOUCHE, C.J.J. & ESTERHUISEN, A. 1987. Tourism - An Overview. SAASPER Publication No 3/87. Pretoria. Departement of National Education, Directorate Sport and Recreational Advancement.

GRABURN, N.H.H. 1977. In hosts and guests. The Sacred Journey, 17-31.

GUNN, C.A. 1972. Vacationscape: Designing Tourist Regions. Austin, Texas: University of Texas, Bureau of Business Research.

GUNN, C.A. 1979. Tourism Planning. New York: Crane Russak.

GUNN, C.A. 1980a. Ammendment to Leiper, the framework of tourism. Annals of Tourism Research, Vol 7: pp 253-255.

GUNN, C.A. 1980b. An Approach to Regional Assessment of Tourism Development Potential. In D.W. Hawkins, (eds.), Tourism Planning and Development Issues. Washington, George Washington University. pp 261-276.

HUDMAN, L.E. 1980. Tourism: A shrinking World. New York: Wiley.

HUGO, M.L. 1985. Begripsontleding van Enkele Basiese Rekreasie-kundeterme.

SAVSLOR Vakkundkige Publikasie, (7). Pretoria: Department Nasionale Opvoeding, Direktoraat Sportbevordering.

HUGO, M.L. & HENNING, J.J. 1986. Classification and Definition of Outdoor Recreational Activities. Study Report, (9). Potchefstroom: Institute for Leisure Studies, Potchefstroom. University for Christian Higher Education.

LAWSON, F. & BAUD-BOVY, M. 1977. Tourism Recreation Development: a Handbook of Physical Planning, London, The Architectural Press.

LEW, A.A. 1986. Guidebook Singapore: The Spatial Organisation of Urban Attractions. Unpublished doctoral dissertation. Oregon: University of Oregon.

LEW A.A. 1987. A Framework of Tourist Attraction Research, Annals of Tourism Research, vol. 14, pp. 553-575.

LUNDBERG, D.E. 1980. The Tourist Business. Fourth Edition. Boston, CBI.

MATHIESON, A. & WALL, G. 1982. Tourism: economic, physical and social impacts. London: Longman.

MCINTOSH, R.W. & GOELDNER, C.R. 1984. Tourism: Principles, Practices, Philosophies, Fourth Edition, New York: John Wiley..

NATIONAL TOURISM RESOURCES, REV IEW COMMISSION. 1973. Destination USA. (1), Summary Report. Washington, DC.: NTRRC.

PEARCE, D. 1981. Tourism Development. New York: Longman.

PEARCE, P. 1982. The Social Psychology of Tourist Behaviour. Oxford: Pergamon.

PERRY, M. 1975. Planning and evaluating advertising campaigns related to tourist destinations. In *Management Science Applications to Leisure Time Operations* (116-123).

PIGRAM, J. 1983. Outdoor Recreaton and Resource Management. London: Croom Helm.

POLACEK, M. & AROCH, R. 1984. Analysis of cultural sights attractiveness for tourism. The Tourist Review, Vol 39, No 4: pp 17-18.

RITCHIE, J.R.B. & ZINNS, M. 1978. Culture as a determinant of the attractiveness of a tourism region. Annals of Tourism Research, Vol 5 pp 252-267.

SCHMIDT, C. 1979. The guided tour. Urban Life, Vol 7 No 4, pp 441-467.

SCHOLTZ, G.J.L. 1989. Sport- en Rekreasiedeelname en Behoeftes van die Stad Soweto. Instituut vir Vryetydstudies (Vertroulike verslag). Potchefstroom. Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

SMIT, S.L.J. 1989. Tourism Analysis. London: Longman.

SUID-AFRIKA. 1982. Sportfasiliteite. R.G.N. Pretoria: R.G.N.-drukkery.

WAHAB, P. et al. 1976. A destination -orientated Programme for the Marketing of Internation Tourism. London: Tourism International Press.